# KOMMUNIKAMMA 26 MEI 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 26 Mei**
**Skriflesing:** Romeine 8:17-30
**Tema:** Ons weet hoe vandag en die toekoms lyk.

**08:30 EIETYDSE DIENS (met poppekas)**
**09:45 KATEGESE (Vir hierdie Sondag vind die Gr 1-3 Kategese tydens kerktyd in die saal plaas)**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir There4 Bedieninge**

**Maandag 27 Mei**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

18:30 AVONTUURWEEK **DEKOR** VERGADERING

**Dinsdag 28 Mei**
12:00 AVONTUURWEEK **KOS SPAN** VERGADERNIG
**17:30 XHOSA KLASSE**

**Woensdag 29 Mei**
**VERKIESING 2024**
Kom ons verootmoedig ons voor die Here vir 'n vry en regverdige verkiesing. Bid vir wyse, eerlike en dienende leiers wat tot voordeel van almal in die land sal regeer.

Ons deel die laaste paar belangrike verkiesingsmerkers uit "Die Kerkblad" om te oorweeg voor jy jou kruisie gaan trek. Jy hoef nie met alles saam te stem nie, maar hopelik kry dit mense aan die saamdink en -gesels. En help dit ons om te bid.

- Is dit 'n party wat die belangrike bydrae van die burgerlike samelewing erken en wat beleidsrigtings koester wat "kleiner regering" en groter inspraak en deelname van burgerlike organisasies bevorder? Of het die party daarteenoor totalitêre neigings? Wat alles wil sentraliseer? Dikwels juis omdat so 'n party magshonger is en alles wil beheer?
- Is die party se beleidsrigtings bevorderlik vir ekonomiese groei? Is dit beleid wat die koek groter sal maak, eerder as om net daarop te fokus oor hoe die koek tussen ‘n paar mense verdeel moet word? Skep dit die ruimte vir die privaatsektor om te gedy, om sakevertroue te skep, om besigheid doen makliker te maak?
- Het die party daarenteen tog 'n sosiale gewete? Ongebreidelde kapitalisme kan wreed wees, die rykes ryker maak en die armes armer.
- God het aan die owerheid die mag van die swaard gegee. Die owerheid se taak is om so te regeer dat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid (1 Tim. 2:2). Sal die party waarvoor jy stem of die koalisie wat jy ondersteun, misdaad meer effektief kan bekamp en die veiligheid van sy inwoners ernstig opneem?

**CANTANDO@ALGOA KOOR**

Die koor sal op Woensdag 29 Mei (Stemdag) wegneemetes bedien vanuit die kerkkombuis.  Op die spyskaart is Jaffels (R20), Hamburgers (R40), Boereworsrolle (R30) en Groentesop (R30 vir 500ml).  Voorafbestellings kan per WhatsApp aan Lynn Lombard (073 648 2263) gestuur word.

**Vrydag 31 Mei**

**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 2 Junie**

**09:00 GESAMENTLIKE NAGMAAL**

## GEBEDSAKE:

- Skoliere en studente wat eksamen skryf.
- Avontuurweek van 24-28 Junie 2024.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Mieke Dolphin, ‘n Matriek leerder in ons gemeente, wat tuis aansterk.
  Barbara Ott se gesond word.
  Anita Esterhuizen, wat tuis herstel na ‘n operasie.
- Retha Smit is skielik oorlede. Bid vir haar seun, Hanno. Die troosdiens is eerskomende Saterdag om 09:00 in ons kerkgebou.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.
- Vakatures by Grasvoëlkop en PE-Noord gemeentes.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Bid saam met gelowiges in **Myanmar** wat teistering en vervolging in die gesig staar weens hul Christelike geloof.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet.  Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERMIS**

Baie dankie vir elkeen se betrokkenheid by hierdie heerlike kuierfees. Ons het die mooi bedrag van R177 000 ingesamel.

**RAAK BETROKKE**

Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**CANTANDO@ALGOA KOOR**

Kontak Gustel Agenbag (089 899 3804) indien jy belangstel in 'n oudisie vir die Cantando@Algoa Koor. Oudisies word per afspraak gedoen.

**AVONTUURWEEK 24-28 Junie 2024**

Ons is stomgeslaan oor die hoeveelheid inskrywings wat ons alreeds op die eerste twee weke ontvang het vir Kraggakamma se eie Avontuurweek. Ons tema vir 2024 is ***Scuba: diving into friendship with God.*** Avontuurweek is 'n vakansie bediening aan kinders van 4 jaar tot Graad 6 en bied vir kinders die geleentheid om die Here te leer ken en Hom te dien met hulle lewe. Dis 'n week vol verassings en pret en 'n plek om nuwe vriende te maak. Die kinders gaan deur Bybel avonture, kuns, drama en spel, ervaar dat God se liefde hulle deur die donkerste tye van hulle lewe dra! Kinders word in kleingroepe ingedeel. Hoërskoolleerders of studente tree as kleingroep leiers op.

Kinder inskrywing (vir kinders jonger as 13):

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfcPC5kz-0HR6okfA-lfWd1QWn7pSg808TdgDZmV6by7ekQIA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Leier inskrywing:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeu9UJTp_OQ2cI7UosZmcJQDB34ul3MxbP29-PTy5fw6qQOmg/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Verder kort ons ook studente of volwassenes wat ons kan help gedurende die week. Ons nooi ook gemeentelede uit om in hul vrye tyd vir ons uit karton vissies of ander seediere uit te knip, en dit te bring na die kerkgebou.

**FAMILIE KAMP 2024**

Inskrywings vir ons familie kamp het oopgemaak. 4-6 Oktober 2024 by Van Stadens resort. Indien jy meer inligting benodig maak gerus kontak met Yolandi van der Merwe (084 705 2714) of Ds Toit Wessels.

**BAIE DANKIE**

Hoe is dit enigsins moontlik om ons dankbaarheid te betuig met die skielike heengaan van ons jongste seun, Dirk Coetzee? Die meelewing d.m.v. oproepe, besoeke en alles wat daarmee saamgaan, word so baie waardeer.
Groot Dankie
Johan en Erna Coetzee

**WinterHOOP veldtog**

Kraggakamma gemeente speel 'n belangrike rol as aflaai punt vir MES se WinterHOOP veldtog vanaf 1 Junie tot 30 Junie. Hierdie veldtog sal deel wees van die gemeente se uitreikaksies na PE Noord en Algoa Gemeenskapskerk en Kleinskool. Ons beoog om 'n groot poging aan te wend om warmklere, komberse en nie-bederfbare kositems in te samel. As deel van hierdie inisiatief kan hierdie items elke Maandag en Woensdag tussen 8:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Finansiële bydraes is ook welkom en moet asb. duidelik gemerk word as Winterhoop. Deur saam te werk, kan ons 'n verskil maak. Ons moedig almal aan om betrokke te raak en 'n bydrae te maak om diegene in nood te ondersteun. Dankie vir elkeen se bydrae.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 26 Mei | Hannes Vermaak |
| 27 Mei | Wiean Benadie, Abrie Landman, Jeandré Meiring-Dicks, Sharné van Ryneveld en Hardus Viljoen |
| 28 Mei | Elsabe Pretorius |
| 29 Mei | Ina Retief en Liandri Vorster |
| 30 Mei | Divanru Bezuidenhout, Careen Hamilton, Leah Lotter en Adri Viviers |

| | |
|---|---|
| 31 Mei | Lynn Rossouw en Salomie van Niekerk |
| 1 Junie | Ryan Bennin, Jean Capes, Gerrit Coetzee, Zané Joubert, Willem Joubert, Marietjie Joubert, Jean-Marï Oberhölzer, Reyno Strydom, Marius van Rooyen en Ricky Venter |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005